

15 Desember

**Skrifgedeelte: Psalm 128**

**Fokusgedeelte: Psalm 128:2**

### **Die vrug van jou arbeid**

Ons hemelse Vader en sy Seun druk ons dit op die hart om God lief te hê met, onder andere, al ons kragte. Liefde vir God is dus nie net 'n gevoel in die hart of 'n vlugtige gedagte nie. Ons liefde vir God word ook gesien in die wyse waarop ons ons werk doen.

Die Here maak 'n belofte aan sy mense: Die vrug van jou arbeid sal jy geniet. Arbeid word nie gekwalifiseer nie. Dit wil sê, die gelowige sal die vrug geniet van alles wat hy doen. Maar daar is 'n voorwaarde aan hierdie belofte. Die voorwaarde is opgeneem in die eis wat die Here stel: Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.

Wie dus al sy werk binne en buite die huis – 'n groot taak of somer net 'n stukkie sleurwerk – doen met die wete dat hy die Here daarmee dien, en hy doen dit soos vir die Here en nie vir mense nie, sal die vrug van sy arbeid geniet. Die mens wat sy arbeid sien as 'n gelowige antwoord op die Here se genade, wil sy werk so doen.

Gelowiges weet immers dat hulle werk alleen maar 'n antwoord kan wees op God se werk. Omdat God Hom in Christus oor ons ontferm het en barmhartigheid aan ons bewys het, wil ons dankie sê. Ons arbeid is deel van ons dankie sê en ons doen dit soos vir die Here, want Christus het sy Vader se wil uitgevoer toe Hy ons – die uitverkorenes – deur sy soendood gered het. Ons aan wie die Heilige Gees die geloof gee, is die vrug van sy arbeid wat Hy geniet – ons loof en prys Hom en sy Vader.

*Sing: Psalm 128:1 (Totius)*

*Ds. CCA Vrey (Bellville)*